Liewe Vriende

Met Jakarandas wat vol in blom staan en die geur van somer wat om ons hang, weet ons hierdie jaar staan vinnig einde se kant toe! En was dit nie `n jaar vol uitdagings nie?! Beurtkrag en brandstofpryse het ons beursies gemartel … om nie eens van die kostrollies te praat nie! Ten spyte van dit alles, het ons dit gemaak!!

Dit laat my onwillekeurig dink aan die woorde van Dawid in Psalm 68 wanneer hy in vers 20 en 21a die vlg sê:

> "Geloof sy die Here!
> Dag na dag dra Hy ons!
> God is ons hulp!
> God is vir ons die God wat ons red, …"

Hier by Pharos beleef ons uitdagings soos nog nooit vantevore nie! Ons het donateurs verloor en ons donasies het oor die afgelope ses maande dramaties verminder.

Ons Jaar tot datum syfer staan tans op `n tekort van **R126 845-00** en ons reserwe fonds het gekrimp na net `n **3.5 maande** kapasiteit.

Ons kry daagliks meer noodlydendes en is nou in `n situasie waar ons noodgedwonge finansiële versoeke moet afkeur, omdat ons nie oor die middele beskik nie. Ons tree verantwoordelik op deur alles deeglik biddend te oorweeg en nie ons mense en ons projekte enige skade te laat ly nie.

Daar is nog drie projekte oor vir die jaar, nl:

- *Hampers* vir Haweloses
- *Adopt-a-Buddy*@Pharos (Skryfbehoefteprojek)
- Kruidenierswareprojek

Ek wil graag hiermee julle voorbidding en ondersteuning vra.

Dalk weet jy van iemand wat ook `n donateur van Pharos kan word. Wil jy ons nie op so `n wyse help om weer sterk finansieel te word sodat ons baie mense kan help nie? **Dis belangrik om in gedagte te hou dat Pharos Gemeenskapsentrum `n Openbare Weldaad Organisasie is met Artikel 18A-status. Donasies wat aan ons gemaak word, kwalifiseer dus vir belastingsertifikate.**

Ek hoor graag van julle.

Vriendelike groete.

ANNALIE TAUTE
SENIOR MAATSKAPLIKE WERKER EN VOORSITTER: DAGBESTUUR